# DIE KOMPANJIESTYDPERK AAN DIE KAAP (1652-1795) IN DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDSKRYWING VAN DIE 19e EEU

Gedurende die eerste anderhalfeeu van blanke bewoning van die Kaap het dié gebied geen historikus opgelewer nie. Niemand het uit dokumente of andersinds 'n behoorlike geskiedenis van die kolonie probeer opstel nie. Wel is daar veel oor die kolonie geskryf in die vorm van reisjoernale wat populêre lektuur in die tyd was.

Hierdie boeke bevat interessante beskrywings van landsomstandighede, fauna en flora en van die inboorlinge van die kolonie sowel as van die koloniste — gegewens wat ongetwyfeld as belangrike historiese boustowwe vir latere geskiedskrywers gegeld het —, maar 'n poging tot geskiedskrywing kan dit nie genoem word nie. Hoewel die reisbeskrywing-tradisie in die 19e eeu voortgesit word, ontwaak daar in die loop van die eeu tog 'n sin vir die geskiedenis en kry ons vir die eerste keer 'n poging om die verlede van die kolonie as geskiedenis te interpreteer. In 'n sekere sin is dit miskien in die hand gewerk deur die feit dat die kolonie van eienaar verwissel het. 'n Gebeurtenis wat diep ingryp in die lotgevalle van 'n gemeenskap het altyd die resultaat dat oor die verlede (en ook oor die toekoms) besin word. Die feit dat daar 'n ander bewind oor die Kaap gekom het, het meegebring dat daar vergelykings getref word tussen die Hollandse en die Engelse bewind — en dat daar kant gekies word. Dit wek vanselfsprekend belangstelling in die ontwikkeling van sake wat eintlik die basis vir geskiedkundige sin is. Daarby kom nog die feit dat daar in Engeland vanselfsprekend belangstelling ontstaan vir die aard van sy jongste aanwins as kolonie en van die inwoners daarvan. Tipies is die volgende van die reisiger Robert Sample (1803): „There is perhaps no set of people on the face of the globe where character is more difficult to catch or describe than that of the inhabitants of the Cape . . . they are neither English, nor French nor Dutch. Nor do they form an original class as Africans, but a singular mixture of all together, which has not as yet acquired a consistance". Hy het origens weinig goeds van die mense te sê; hulle enigste deug is gasvryheid.[1]

Die man wat met hierdie soort kritiek begin het, was John Barrow.[2] Hy het die Afrikaners in 'n besonder ongustige lig gestel. Latere skrywers het hulle óf op Barrow se oordeel beroep óf dit teengespreek; onder laasgenoemde persone soos Lichtenstein,[3] Burchell,[4] en Teenstra;[5] onder eers-

1. Robert Sample, *Walks and Sketches at the Cape of Good Hope 1803*, p.1.
2. John Barrow, *An account of travels into the interior of South Africa in the years 1797 and 1798*. Londen, 1801 en 1804.
3. H. Lichtenstein, *Reisen in Südlichen Africa in den Jahre 1803, 1804, 1805 und 1806* . . . Berlyn, 1811, 1812. Engelse vertaling 1812, 1815 en Nederlandse vertaling 1813, 1814.
4. W. J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa*. Londen, 1822 en 1824.
5. M. D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug* . . . Groningen, 1830.

genoemde Campbell[6] en Philip.[7] Dit vind plaas tydens 'n vlaag van filantropie wat veral van Brittanje gekom het en die oordeel oor die Kaapse koloniste in 'n hoë mate beïnvloed het. As voorbeeld van eersgenoemde groep net die volgende aanhaling uit Teenstra: „Barrow mag dan van den Hollanders zeggen en schrijven wat hy wil, de kolonisten, grooten en kleinen, rijken en armen, verlangen hen vurig terug. De ongeregtigheden zyn hier tans veel erger, dan onder de Hollandsche gouvernement".[8]

In 1825 verskyn die eerste poging in die Hollandse taal om die geskiedenis van die kolonie hoe fragmentaries ook al, weer te gee. Dit is J. Suasso de Lima se *Geskiedenis van den Kaap de Goede Hoop.*[9] Hy was 'n gebore Amsterdammer wat na 'n aantal jare in Java, as amptenaar, in Kaapstad tereg gekom het. Die boekie is in die vorm van 'n kategismus opgestel, blykbaar vir skoolgebruik, vol onjuisthede, en dit het seker ook nie veel invloed gehad nie, maar is tog 'n blyke van belangstelling in eie verlede. Terselfdertyd, of liewers sedert 1824, verskyn in *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* die *Dagverhaal van den Commandeur van Riebeeck.* Die publikasie daarvan word voortgesit tot 1840 (tot 1658). Ook 'n duidelike bewys van belangstelling wat daar by die Afrikaner vir sy verlede bestaan het.

Terselfdertyd ontstaan daar 'n tipe geskiedskrywing wat nie deur 'n suiwer belangstelling vir die verlede geïnspireer is nie. 'n Boek wat in 1828 verskyn, nl. dr. John Philip se *Researches in South Africa, illustrating the civil, moral, and religious conditions of the native tribes* het 'n felle aanklag bevat teen die blankes oor hulle behandeling van die nie-blankes. Dit is geen geskiedenis nie, maar neem tog vermeende voorbeelde van mishandeling uit die geskiedenis. Philip maak nie juis onderskeid tussen Afrikaanse en Engelse koloniste nie en val ook nie juis 'n bepaalde regering aan nie; maar dit het soveel verontwaardiging gewek by beide blanke bevolkingsgroepe dat die goewerneur, sir Benjamin D'Urban, dit nodig gevind het om iets daarteen te doen, veral omdat hy deur die boek sy grensreëling op die Oosgrens bedreig gesien het. Hy gee aan 'n amptenaar, Donald Moody, opdrag om dokumente op te spoor en te publiseer wat die valsheid van Philip se beskuldigings aan die lig sou stel. Die resultaat was: *The Record, or a series of official Papers relating to the conditions and treatment of the Native Tribes of South Africa* waarvan oor die jare 1838 tot 1841 drie dele verskyn, wat die periodes 1648-1720, 1769-1795 en 1818-1819 dek.[10] Ook hierin word geen onderskeid gemaak tussen Kompanies- en Britse

6. John Campbell, *Travels in South Africa undertaken at the request of the Missionary Society.* Londen, 1815 en 1822.
7. John Philip, *Researchers in South Africa.* Londen, 1828.
8. Teenstra *a.w.*, p. 191 (Uitgawe V.R.V.).
9. Kaapstad, 1825. Oor De Lima sien E. J. Conradie, *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika,* Pretoria, 1934, p. 226 e.v.
10. Kaapstad, 1838-1841. Vir besonderhede oor die ontstaan van die boek sien I. D. Bosman, *George McCall Theal as die geskiedskrywer van Suid-Afrika.*

bewind nie. Ons het dus nog nie 'n siening op die Kompaniestydperk as sodanig nie.

Hierna het die Groot Trek en die totstandkoming van min of meer selfstandige blanke eenhede in die binneland die aandag afgetrek. Maar ongetwyfeld sou die gebeure van die Groot Trek die belangstelling in die agtergrond van die Voortrekkers gestimuleer het en so word die blik weer na agter gewend.

Die Nederlandse entoesias vir die Boere, U. G. Lauts, is ook eers deur die dade van die Groot Trek aangetrek. Maar in 1854 verskyn 'n tweede werk van hom: *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, Nederlandsche Volksplanting, 1652-1806.*[11] Dit is na my wete die eerste boek wat die Kompanjiestydperk as 'n eenheid saamvat. In sy voorberig meld hy dat hy twaalf jaar lank boustowwe versamel het. Hy meen dat sy boek sal voorsien in 'n gebrek aan kennis oor Suid-Afrika. Dit is uiteraard 'n simpatieke beskrywing van die Kompanjiestydperk maar bly tog uiters oppervlakkig. In Suid-Afrika het die boek nie veel aandag getrek nie en in Nederland waarskynlik ook nie.

Die eerste boek wat werklik 'n interpretasie van die Kompanjiestydperk gee en wat enigsins uit oorspronklike dokumente saamgestel is, is die van E. B. Watermeyer: *Three Lectures on the Cape of Good Hope under Government of the D.E.I. Company* wat in 1857 verskyn.[12] Watermeyer was wat ons kan noem 'n verengelsde Afrikaner. Gebore in 1824 in Kaapstad ontvang hy 'n opleiding in die regsgeleerdheid in Leiden en Londen. By sy terugkeer tree hy toe tot die Kaapse balie, word lid van die Kaapse parlement en later regter. Hy sterf in 1867. Al sy geskrifte was in Engels. Hy het iets van 'n digter in hom gehad, hoewel sy letterkundige produkte, meestal essays en gedigte, nie van baie hoogstaande waarde was nie.[13]

Watermeyer skilder die Kompanjiestydperk in baie donker kleure, en vergelyk dit steeds met die seëninge van die Britse bewind wat hy weer in oordrewe helder kleure skilder. Hy gaan egter uit van die duidelike veronderstelling dat dit nooit die doel van die Kompanjie was om 'n kolonie aan die Kaap te stig nie — waaruit hy dan baie aflei.

Eers gee hy die agtergrond van die Nederlandse handelsonderneming om die vraag te beantwoord of die Kaap wel as kolonie bedoel was. Aangesien die Kaap aan 'n handelskompanjie behoort het en nie aan die Verenigde Provinsies nie, moet die stadige ontwikkelinge van die land, waarmee 'n begin gemaak is binne 30 jaar na die Pelgrimvaders na Amerika vertrek het om daar 'n magtige ryk te begin, daaraan gewyt word. Telkens is hy besig om 'n parallel tussen die V.S.A. en S.A. te trek, nie alleen wat getalle en groei van bevolking betref nie maar ook

11. Amsterdam, 1854.
12. Kaapstad, 1857.
13. Oor Watermeyer sien J.C., *Selections from the writings of the late E. B. Watermeyer, with a brief sketch of his life,* Kaapstad, 1877.

wat „democratic institutions" betref, wat aldaar gedy het en aan die Kaap afwesig was. Net so vergelyk hy telkens die vryheid onder die Britse bewind, waarin hulle deel gehad het, met wat hy noem die outokrasie van die Kompanjiesbewind.

Hy gaan dan die grondwet en die doeleindes van die V.O.C. na aan wie die land behoort het, „in which we now have freedom, but where the word was, at the commencement of the century, scarcely understood". Maar, gee hy toe, self die Pelgrimvaders sou, indien die land aan die E.O.I. Komp. behoort het, nie die kolonie kon opgehef het „from the low rank which for nigh two centuries it held".[14]

Baie apodikties stel hy dit: die doel van die V.O.C. was handel, nie kolonisasie nie. „Holland never was a colonizing nation". Vervolgens begin hy sy verhaal met die stigting van die Kompanjie, sy fenomenale sukses in die Ooste, Van Riebeeck se koms en die begin aan die Kaap.

Hier kom Watermeyer se filantropiese neigings aan die lig. Hy het dit steeds oor die verdrukking van die nie-blankes, en wederregtelike besitname van hulle grond, hoewel hy toegee dat „the accusations of cruelty and oppression of the natives by the Dutch occupants, is void of foundation". Trouens „the black scenes of our history, which we would gladly erase, are of a later period."[15]

Die Vryburgers het die naam gedra, maar in werklikheid was hulle tog nooit vry nie — hulle was steeds onder die tirannie van die Kompanjie se bepalings. By Watermeyer kry ons miskien vir die eerste keer die opvatting wat later so algemeen aanvaar is, nl. dat die Franse Hugenote eintlik die elite van die gemeenskap uitgemaak het, „the best by far being the Franch immigrants", as hulle met die van Hollandse herkoms vergelyk word.[16]

Volgens hom is die geskiedenis van die hele 19de eeu hoofsaaklik die van „discontent and disaffection on the part of the European subjects of the D.E.I.C., of tyrannical conduct of its principal functionaries towards the white inhabitants — of oppression and destruction of the natives by these, until at length the anarchy and confusion, inevitable when a haughty but powerless Government seeks despotically to rule over ignorant men awakening to a consciousness of their own strength, had risen to such a pitch that the authority of Holland in these shores seemed doomed".[17]

Hy het 'n oordrewe begrip van die republikeinse aard van die opstande van Graaff-Reinet en Swellendam, want, is sy mening, as die Britse vloot in 1795 nie opgedaag het nie „to relieve this country", dan sou daar 'n onafhanklike staat van Hottentotsholland tot die Suurveld tot stand gekom het. „The republics of Potgieter and Pretorius

14. Watermeyer, p. 45.
15. *Idem.*
16. p. 46.
17. p. 74.

(d.w.s. dié van sy eie tyd) would have been anticipated by fifty years."[18] Volgens hom was die nedersetting aan die Kaap 'n mengsel van 'n handelsfakory met 'n monopolistiese aard en 'n vrye kolonisasie — wat beslis 'n mislukking was. As dit 'n suiwer handelsonderneming gebly het, was daar geen toekoms vir Suid-Afrika nie, maar dan sou die inboorlinge tog ten minste hulle gronde behou het. Hulle sou wel nog barbare gewees het, „but they would have been in existence."[19]

Aan die ander kant: as die Europese koloniste nie steeds onderdruk en onder dwang gehou is nie, as hulle werklik vry gelaat was, dan sou die uitroeiing van die swartman miskien nog vinniger verloop het. Dan sou dit soos in Amerika gegaan het. Maar die land sou dan nie „a century and a half of progress" verloor het nie; dan sou daar vinnige en energieke ontwikkeling gewees het. Die vooruitgang van S.A. sou dan vergelyk kon word met dié van die Nieu-Engeland-kolonies in Amerika. Maar dan weer: wat sou die lot van die swartman gewees het? Watermeyer staan hier op 'n teenstrydigheid wat hy nie tot die einde deurdink nie. Dis moeilik om uit te maak wat die oorhand oor hom het: sy filantropiese gevoelens of sy bitterheid oor „verlore kanse".

Maar om terug te keer tot die feite van die geskiedenis. Die 18de eeu is vir hom 'n uiters vervelige eeu; met vervelige klagtes van dieselfde aard van die kant van die burgers. Daar was nie 'n skyn van kolonisasie dwarsdeur die eeu nie. Die Hugenote was die laaste groep. Vir hom het die kolonie 'n paradokse aspek gehad van twee tipe burgers: „the one in slavish submission (naby die Kaap) the other in reckless freedom"[20] (die wat die binneland ingetrek het). Aan die Kompanjie gee hy die skuld vir die „trekking system", „the bane of South Africa".[21]

Met dit as agtergrond het die Britse verowering as 'n verlossende genade gekom. Hy vergelyk bv. die toestand van slawerny met sy eie tyd. „It is not that we claim to be better than our fathers, but, thank God, our ignorance is less dark."[22] Danksy die Britse verowering is die toekoms van die kolonie gered „from being buried into a premature republic".[23]

Telkens kom hy maar weer terug op die wanbestuur van die Kompanjie gedurende 143 jaar. In die begin van die periode is daar nog iets om aan te prys, maar veral gedurende die laaste 50 jaar van die periode is daar niks om te bewonder nie. „The effects of this pseudo colonization were that the Dutch, as a commercial nation, destroyed commerce. The most industrious race of Europe, they repressed industry. One of the freest states in the world, they encouraged a despotic misrule, in which falsely called free citizens were enslaved. These men, in their

18. *Idem.*
19. p. 75.
20. *Idem.*
21. Aangehaal deur Mendelsohn II, p. 589.
22. p. 75.
23. p. 90.

turn, became tyrants. Utter anarchy was the result."[24] Elke lid van die samelewing is bevoorreg toe Brittanje oorgeneem het; sedertdien was die vooruitgang ongehinderd.

'n Eggo van Watermeyer se aanklag vind ons by A. Wilmot wat saam met Chase 'n volledige geskiedenis van die kolonie geskryf het: *History of the Colony of the Cape of Good Hope* (1869). Wilmot was verantwoordelik vir die gedeelte wat die Kompanjies-tydperk behandel het. Hoewel hy duidelik onder Watermeyer se invloed staan en baie van laasgenoemde se bevindings beaam, is hy tog meer gematig in sy oordeel. „The poor little settlement was cramped and fettered in every direction, and the motto of its rulers seemed to be that everything was to conduce to the pecuniary profit of the Company".[25] Tog is 'n gees van ontdekking en ondernemingsgees onder die koloniste en owerhede merkbaar.

Ook Wilmot is nog sterk deur die filantropie van sy eeu beïnvloed. Hy beskuldig die Kompanjie veral daarvan dat hy geen sistematiese poging aangewend het „to civilize the wretched natives". Die owerhede het ook onverskillig gestaan teenoor bekering van die Hottentotte. „It is not possible to conceive of any policy more destructive to both races than the wretched misgovernment of the Dutch mercantile association at the Cape. Neither giving commercial advantage to the Europeans, no civilization and protection to the heathen, the company, drove the farmer into a constant war with the native races, whose retaliation consisted in the constant perpetration of thefts and outrages."[26] Wilmot gee origens egter 'n meer positiewe weergawe van die feite.

In dieselfde gees as die boeke van Watermeyer en Wilmot is die van John Noble: *South Africa, Past and Present* (1877).[27] Hy kom egter tot 'n meer logiese verklaring vir die geringe groei van die kolonie. Ook hy het die V.S.A. gedurig as voorbeeld in sy agterkop. Hy wys daarop dat immigrasie eintlik eers aangemoedig is sedert die Britse besetting. Voor die tyd „it was a mere mercantile settlement of the Dutch East India Co., who held a monopoly of trade and prevented the formation of what is now understood as a colony." En dan, „it is necessary to bear this fact in mind when instituting comparisons between the age and progress of the Cape of Good Hope and the remarkable advancement of the Anglo-American countries in America and Australia." Hulle het vryheid gehad maar die vroeë koloniste van Suid-Afrika is steeds onderdruk deur 'n regering wat beskryf is as „. . . in all things political, purely despotic, and in all things commercial, purely monopolist."[28] Ook hy sien die paradoks van 'n vryheidsliewende en vooruitstrewende Nederland en 'n kolonie waarin presies die teenoorgestelde te vind is.

24. p. 95.
25. Wilmot, p. 75.
26. Wilmot, pp. 131-132.
27. Kaapstad, 1877.
28. p. 2.

Die boek wat genoem word as die eerste *Afrikaanse* interpretasie van ons verlede, nl. *Die geskiedenis van ons land in di taal van ons volk,*[29] deur die patriotters S. J. du Toit, C. P. Hoogenhout en Gideon Malherbe, bevat nog in groot mate dieselfde interpretasie van die Kompanjiestydperk as die van Watermeyer, hoewel dit bewus teen die Engelse siening van ons geskiedenis in sy geheel te velde trek. Dit is in kinderliknaïewe trant geskrywe soos die literêre produkte van *Di Patriot* oor die algemeen was. „Maar di kolonie het nie gou vooruit gekom nie. En naderhand het party (soos Regter Watermeyer s'n voorlesings) die skuld op die Hollanders gepak, dat hulle dit ni goed bestiir het ni . . . Mar hulle vergeet, dat di Hollanders ni hier gekom het om 'n koloni te kom stig. Hulle plan was maar . . . om hiir 'n aanleg te maak . . ."[30] Maar dan val die klem op die Vryboere wat tussen inboorlinge en goewerment verdruk is. Veel aandag word juis gegee aan goewerneurs W. A. van der Stel en Van Noot. Maar tog het die kolonie gegroei onder ramp en teenspoed — „'n teken van alles wat waarlik goed is."[31]

'n Eienaardige uitleg van die geringe toename van bevolking is: „Na die Hugenote is hier ni meer immigrante aangekom ni. Dit lyk of die Maatskappy dit ni bra wou aanmoedig ni; omdat hulle bang was dat di koloni dan te sterk sal worde, en dan kan hulle ni meer met die Boere maak soos hulle wil ni. Net mar di mense wat in diens was van di maatskappy, krij plase as hulle tijd uitgedien is."[32]

Die interpretasie van Watermeyer en Wilmot is nog in enkele ander boeke terug te vind, maar gaandeweg het gebeurtenisse in die Noorde, die botsing tussen die Engelse en Afrikaanse lewensuitkyk, trouens die ontwaking van 'n Afrikaanse nasionale bewussyn, die kyk op die Kompanjiestydperk tog laat verander. In 1876 verskyn *Gesciedenis van den Oranje-Vrijstaat* deur H. J. Hofstede Jr.,[33], 'n Hollander wat dit in die Vrystaatse staatsdiens tot die rang van vrederegter gebring het. Die boek is met staatsteun geskryf en vertolk veral die gees van verontwaardiging wat in die Vrystaat teen Brittanje gaande was na laasgenoemde se anneksasie van Basoetoeland in 1868, en die Basoetooorlog in die algemeen.

Hy gee as inleiding tot sy hooftema ook 'n oorsig van die geskiedenis van die Kompanjiestydperk aan die Kaap. Die periode word vanuit die standpunt van die koloniste beskryf: „Dat de Hollandsche kolonisten reeds in die vroege dagen reden hadden zich te beklagen over de Inlandsche stammen blijkt hieruit, dat zij van alle kanten beroofd en bestolen werden, — ja zelfs dat de burgers meerdere malen wreedaardig werden vermoord."[34]

29. Paarl, 1877.
30. p. 4.
31. p. 13.
32. p. 24 .
33. 's-Gravenhage, 1876.
34. p. 12.

Hy vertel die geskiedenis origens baie fragmentaries. Teen die einde kom hy natuurlik by die Britse besitname uit, en besluit: „Met trots zien wy als Nederlanders terug op onze voorvaderen, die door ondernemingsgeest zóowel voor volk en vaderland ook voor het nageslacht hebben gedaan. Ach! waarom moest, even als voor Holland de naijver en jalouzie der Engelsche natie altijd een struikelblok worden." Maar tog werk die voorstelling van Watermeyer ook by hom deur, want hy vervolg: „Wij moeten nochtans bekennen, dat de vooruitgang der Kaapkolonie zeer was belemmerd door de baatzuchtigheid der Oost Indische Compagnie." Hy wys egter daarop dat die Boere „volstrekt niet in hun schik" was met die Engelse bewind wat dié van die Hollanders vervang het nie.[35]

'n Boek wat nog meer in dié trant geskryf is, is die van F. Lion Cachet: *De Worstelstrijd der Transvalers,* wat in 1882 verskyn.[36] Ook dié boek is sterk beïnvloed deur die tydsomstandighede waaronder dit geskryf is: nl. die anneksasie van Transvaal deur Brittanje en die daaropvolgende vryheidsoorlog. Die titel van die boek dui reeds aan hoe Cachet die geskiedenis sien. „De strijd duurt nu reeds meer dan 50 jaar. Van dat de Kaap aan Engeland is overgegaan hebben de Boeren met Engeland geworsteld, niet om eer of goud, maar om het leven, het politieke leven, om een onafhankelijk volksbestaan. Die worstelstrijd te beschrijven is het doel van dit boek."[37] Hy begin met die verhaal van die Hollandse skeepskaptein Matelief wat in 1606 skape op Robbeneiland vir aanteeldoeleindes nagelaat het; maar net die volgende jaar het die Engelse kaptein Keelay die vetstes daarvan gevang. „Zoo vroeg reeds in den geschiedenis van Zuid-Afrika, openbaarde zich de Engelsche geest van annexatie."[38]

Ook hy beskuldig die kompanjie van kortsigtigheid, „De heeren van de Compagnie . . . dachten aan niets anders en niets meer dan aan een hoognoodige en zeer begeerde pleisterplaats ter verzorging van hare schepen . . ."[39] Ook van die goewerneurs as amptenare van die Kompanjie het hy nie 'n hoë dunk nie. Slegs enkele van hulle het die welsyn van die koloniste op die hart gedra; die meeste het probeer om hulleself te verryk ten koste van die koloniste. „Die verdrukking had slechts deze goede zijde: het volk leerde worstelen voor vrijheid en recht; en waar men tijdelijk voor onrecht en geweld zwichten moest, trok men dieper het land in". Hy sonder die goewerneurs W. A. van der Stel, P. G. van Noot en J. van Plettenberg as „Boereverdrukkers" uit.[40]

Maar ook die Kompanjiesowerhede in Nederland het skuld aan die toestand gehad. „Men deed hen (die koloniste) gedurig verstaan dat zij bestonden om de Compagnie, niet de Compagnie om hen."[41] Hy wys

35. p. 19.
36. Amsterdam, 1882.
37. p. 6.
38. p. 8.
39. p. 12.
40. p. 23.
41. *Idem.*

op die vasgestelde graanpryse, verbod op handel, swak salarisse vir amptenare en so meer.

Vir hom is dit veral te doen om die karakter van die Boere te verdedig. Hy bestry die voorstelling van 'n landgenoot van hom, Tromp, nl. dat die Boere grotendeels afstammelinge van deserteurs was en dat die Franse Hugenote die enigste van edel inbors was. „Wy hebben te doen met een volk, in de verdrukking geboren, doch uit zoo vryen bloede, dat het zich altyd en instinctmatig verzet tegen elke poging om het onder een slavenjuk, onverschillig door wien gesmeed, te brengen". En verder: „Het geslacht — is in een harde school gevormd . . . In die school zijn de Boeren gevormd voor het grootsche werk, waartoe zij zoo kennelijk geroepen zijn: Zuidelijk Afrika te openen voor Christendom en beschaving."[42]

'n Groot stap vorentoe op die gebied van die geskiedskrywing is die feit dat in die jare sewentig die Kaapse regering aandag begin skenk het aan die openbare argiewe en sorg gedra het vir die bewaring en ordening daarvan. Hierin het veral twee figure 'n groot aandeel gehad: G. M. Theal en H. C. V. Leibbrandt. Laasgenoemde het 'n lang reeks dokumente uitgegee: *Rambles through the Archives of the Colony of the Cape of Good Hope* en *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*. Dit bevat uitsluitlik dokumente uit die Kompanjiestydperk en hoewel dit natuurlik nie populêre leesstof was nie, het dit ongetwyfeld baie gedoen om die beeld van die Kompanjiestydperk by ernstige navorsers te verander. Leibbrandt spreek baie selde 'n eie opinie uit, maar dat hy wel die Kompanjie anders beoordeel het, blyk uit 'n opmerking in sy inleiding tot die gepubliseerde dokumente van die W. A. van der Stel-periode, 'n man wat volgens hom ongunstig voorgestel is omdat hy steeds beoordeel is volgens die getuienis van sy vyande en „for nearly two centuries has been regarded in a most unfavourable light."[43]

Dit is egter George McCall Theal, tot dusver nog ons vrugbaarste geskiedskrywer, wat aan die negentiende eeu 'n meer volledige en beter voorstelling van die Kompanjiestyd gegee het. In 1874 verskyn sy *Compendium of South African History and Geography*, gevolg in 1882 deur 'n bronnepublikasie *Chronicles of the Cape Commanders* terwyl hy in 1887 begin met sy groot deurlopende reeks, *History of South Africa*.

Met verloop van tyd is daar baie kritiek teen Theal ingebring. Onder sy tydgenote staan hy egter kop en skouers uit wat betref wetenskaplike behandeling van sy stof. By hom ten minste die instelling om dinge te verklaar sonder om aan te kla. So bv. verklaar hy die geringe groei van die nedersetting soos volg: „Of all the Dutch dependencies it was the one that possessed least attraction for emigrants." Hoewel die geringe aantal immigrante gewoonlik gewyt word aan die tirannie van die bewind, blyk dit by nader ondersoek tog nie die rede te wees nie. Hy wys daarop dat die volkere in Europa destyds self

42. p. 27.
43. Leibbrandt, *The defence of W. A. van der Stel, Kaapstad,* 1897.

nie die demokratiese regte gehad het waaraan die 19de eeu gewoond geword het nie. „The cause of so few Dutch families settling in South Africa at this period was the absence of any necessity for a large number of the people of the Netherlands to leave their homes." — daar was ook geen godsdiensvervolging nie. En wat vreemde immigrante betref: — „The Dutch went as far in this direction as prudence would permit, by settling in their dependencies as many foreigners as could be absorbed without danger of losing their own language and predelections."[44]

Theal is later daarvan beskuldig dat hy te veel die geskiedenis vanuit die standpunt van die koloniste beskryf. Hy probeer hulle inderdaad steeds in 'n gunstige lig stel. Na aanleiding van die W. A. van der Stel-moeilikhede skryf hy: „There has never been a people less inclined to submit to grievances real of imaginary, than the colonists of South Africa."[45]

Maar ook wat die owerhede betref, het Theal 'n meer positiewe benadering. Hy wys op wat die owerhede gedoen het in die vorm van eksperimente met gewasse soos tabak, olywe, indigo; ook op die verbetering van die veeteelt; ontdekkingsreise na die binneland, ondersoek na die bruikbaarheid van die bosse, ens. Wat die korrupsie van amptenare betref, glo hy dat toestande aan die Kaap veel gunstiger as elders was. „At the Cape, there was less opportunity for such misconduct, as the colonists were not the people to submit tamely to wrong of any kind. Futher, it may have been accidental, or it may have been owing to their living in a healthier moral atmosphere, but the chief officials in South Africa for many years after the death of Governor Noodt were men held in general esteem, whose probity was never questioned."[46]

Naas Theal is daar weinig ander geskiedskrywers wat gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu nog aandag aan die Kompanjiestydperk gegee het. Daarvoor het die „Transvaalse krisis" wat op die Tweede Vryheidsoorlog sou uitloop, te veel aandag getrek. Die Kompanjiestydperk geniet by die meeste skrywers slegs geringe aandag as agtergrond tot die negentiende eeuse problematiek.

As laaste voorbeeld dien 'n aanhaling uit N. J. Hofmeyr se *De Afrikaner-Boer en de Jamson-inval* (1896). Na aanleiding van die verbanning van Buitendag deur goewerneur Van Plettenberg skryf hy: „*Dat* was te veel, en zal altoos te veel blijven voor het Afrikaner-gemoed. De nationale trots werd daardoor op gevoelige wijze geschonden en de burgers besloten den Goeverneur en vooral zijn rechterhand, Boers te vernederen. Terwijl men echter in Amerika met zwaard en geweer te werk ging, trok men memories aan die Kaap op."[47] By hom dan ook weer die vergelyking tussen Amerika en die Kaap.

Prof. F. J. du T. Spies.

44. *History and ethnography of South Africa before 1795*, II, p. 190.
45. *A.W.*, p. 402.
46. p. 489.
47. Hofmeyr, p. 32.